momentum
consultants & actuaries

Consolidated Retirement Fund for Local Government

Opsomming van die
Aktuariële Waardasie soos op 30 Junie 2021

1. Inleiding

Hierdie opsomming weerspieël die resultate van die aktuariële waardasie van die Consolidated Retirement Fund for Local Government (die Fonds), wat uitgevoer is soos op 30 Junie 2021, die datum van waardasie.

Die doel van die waardasie is om:

(a) die finansiële toestande van die Pensioenarisrekening, die Bewaringspensioenrekening, Lewende Annuïteitsrekening en die Lidbelangrekening, te bepaal deur middel van ‘n vergelyking tussen die waarde van die bates en dié van die laste vir die onderskeie rekeninge;
(b) die verklarings van beleggingsgroei vir aktiewe en uitgestelde lede na te sien;
(c) die saldo’s van die onderskeie Fondsrekeninge te bepaal;
(d) die toekenning van bydraes tot aftreevoordele na te sien; en
(e) pensioenverhogings vir pensioenarisse aan te beveel.

2. Voordele

Die Fonds bied vastebydrae-voordele aan sy aktiewe,uitgestelde en uitgestelde lede. Die voordeel betaalbaar by diensbeëindiging van 'n aktiewe en uitgestelde lid is die lid se Lidbelangrekening. Dit is grotendeels gelyk aan die bydraes (ná koste) met die toevoeging van beleggingsgroei.

Lede het verskillende opsies met betrekking tot versekerde sterfte- en ongeskiktheidsvoordele (wat bykomend tot die Lidbelang betaal word), met die ooreenstemmende verskille in bydraes wat toegeken word aan Lidbelange.

Die Fonds betaal maandelikse pensioene aan pensioenarisse met teiken pensioenverhogings van 100% van prysinflasie. Die Fonds betaal ook ‘n gereelde inkomste aan die lewende annuïtante in oorstemming met die annuitant se gekose onttrekkingskoers.

3. Lidmaatskap

Soos op datum van waardasie was daar 51 583 aktiewe (insluitend 54 uitgestelde lede), 516 pensioenarisse en 29 lewende annuïtante.

4. Bates

Die totale waarde van die netto bates van die Fonds, soos op die datum van waardasie, het R 34 148 miljoen beloop.

5. Groei Portefeulje

Die Fonds verskaf die Groei Portefeulje as die primêrebeleggingsportefeulje vir lede jonger as 50 jaar. Beleggingsgroei was 16.8% per jaar op die Groei Portefeulje vir die jaar geëindig 30 Junie 2021.

6. Geldmark Portefeulje

Die Fonds verskaf die Geldmark Portefeulje vir lede 50 jaar en ouer. Die doelwit van hierdie portefeulje is om beskerming te bied teen markskommelinge vir lede naby aan aftrede. Beleggingsgroei vir lede wat die portefeulje gekies het was 4.6% per jaar vir die jaar geëinding 30 Junie 2021**.**

7. Gematigde Portefeulje

Die Fonds verskaf ook die Gematigde Portfeulje vir lede 50 jaar en ouer. Lede 50 jaar en ouer mag 25%, 50%, 75% of 100% van hulle Lidbelang belê in die portefeulje. Die bates van die Gematigde Portefeulje word beperk tot tussen 18% en 56% in aandele-beleggings en word bestuur op ‘n “lewensfase” basis afhangende van die ouderdom van die lid. Beleggingsgroei vir lede wat die Gematigde Portefeulje gekies het was 10.8% per jaar vir die jaar geëinding 30 Junie 2021.

8. Shari’ah Portefeulje

Die Fonds het die Shari’ah Portefeulje op 1 September 2016 bekendgestel vir lede wat wil hê dat hul beleggings aan die vereistes van die Shari’ah-wet en die beginsels vir Islamitiese finansies moet voldoen. Beleggingsgroei was 15.5% per jaar op die Shari’ah Portefeulje vir die jaar geëindig 30 Junie 2021.

9. Aggressiewe Portefeulje

Die Fonds het die Aggressiewe Portefeulje op 1 Desember 2019 bekendgestel om aan die behoeftes van jonger lede en lede met 'n verdraagsamheid vir hoë risiko te voorsien. Lede kan toegang tot hierdie portefeulje hê as hulle aan sekere vereistes voldoen wat deur die Trustees gestel word. Die beleggingsopbrengs vir lede wat die portefeulje gekies het, beloop 19.1% per jaar vir die jaar geëindig 30 Junie 2021.

10. Pensioenaris Portefeulje

Die bates van die Pensioenaris Portefeulje is belê om ongeveer ooreen te stem met die termyn en die aard van die pensioenaris laste. Die opbrengs op die Pensioenaris Portefeulje was 14.5% per jaar vir die jaar geëinding 30 Junie 2021**.**

11. Pensioenverhoging en bonus

'n Pensioenverhoging van 4.5% (2.2% plus a spesiale pensioenverhoging van 2.3%) effektief vanaf 1 Maart 2021 was aan pensioenarisse toegeken. 'n Pensioenarisbonus van 100% van maandelikse pensioen is in Desember 2020 betaal. 'n Speciale pensioenarisbonus van 100% van jaarliks pensioen is in Augustus 2021 betaal.

12. Pensioenarisrekening

Die finansiële toestand soos op 30 Junie 2021 van die Pensioenarisrekening is as volg:

Pensioenarisrekening	**R 000**
Bates	672 300
Pensioenaris-verpligting	(460 592)
Voorsiening vir spesiale bonus	(34 000)
Solvensiereserwe	(11 086)
Aktuariële surplus	166 622
Befondsingsvlak	**133.0%**

13. Finansiële toestand

Die totale finansiële toestand van die Fonds op 30 Junie 2021 was soos volg:

Finansiële toestand van die Fonds	**30 Junie 2021 R 000**
Totale netto bates	**34 148 081**
Liabilities	
Pensioenaris aanspreeklikheid	(460 592)
Voorsiening vir spesiale bonus	(34 000)
Lidbelange – Lidbelangrekening	(33 011 153)
Lidbelange – Bewaringspensioenrekening	(84 364)
Lewende Annuitanterekeninge	(61 447)
Gebeurlikheidsreserwes	
Solvensiereserwe	(11 086)
Risikoreserwerekening	(72 042)
Datareserwerekening	(26 230)
Verwerkingsreserwerekening	(220 545)
Aktuariële surplus	166 622
Befondsingsvlak	**100.5%**

Die befondsingsvlakke van die Lidaandeelrekening, Bewaringspensioenrekening en Lewende Annuïteitsrekening was 100% soos op die waardasiedatum. Die Verwerkingsreserwerekening verteenwoordig 0.7% van die som van die Lidbelange en Lewende Annuitanterekening.

14. Samestelling van die Bydraekoerse

	Kategorie							
Bydraes as 'n persentasie van salarisse	**Totaal**	**A**	**B**	**C**	**D**	**E**	**F**	**G**
Werkgewerbydrae [1]	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00
Minus:								
Risikokostes en uitgawes	(3.58)	(2.95)	(4.95)	(1.95)	-	(2.90)	(2.95)	(0.55)
Begrafnisuitgawes [2]	(0.14)	(0.14)	(0.14)	(0.14)	(0.14)	(0.14)	(0.14)	(0.14)
Koste toelae	(0.41)	(0.41)	(0.41)	(0.41)	(0.41)	(0.41)	(0.41)	(0.41)
Netto Werkgewerbydrae	13.87	14.50	12.50	15.50	17.45	14.55	14.50	16.90
Plus: Lidbydrae	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00
Beskikbaar vir aftreevoordele	**22.87**	**23.50**	**21.50**	**24.50**	**26.45**	**23.55**	**23.50**	**25.90**

Notas

1. Vir kontrakwerknemers en raadslede is die deelnemende werkgewerbydraekoers 19.5% van die salaris. Die ledebydraekoers vir hierdie lede is 7.5% van die salaris. Nuwe werknemers word gedefinieer as werknemers wat op kontrak deur die Stad Kaapstad gewerk het ten tyde van die aansluiting by die Fonds of wat na 1 Augustus 2006 nuut in diens van die Stad Kaapstad was. Die deelnemende werkgewerbydrae vir hierdie lede kan verander soos ooreengekom deur SA Plaaslike Regering Bedingingsraad. 'n Munisipale bestuurder het die opsie om by aansluiting by die Fonds teen 7.5% van die salaris by te dra.
2. Begrafnisuitgawes verteenwoordig 'n gemiddeld van die algehele premie, uitgedruk as 'n persentasie van salaris.

15. Afsluiting

Die Fonds is in 'n gesonde finansiële toestand soos op die datum van waardasie.

Sean Neethling, BSc CFP® FIA FASSA
Genoot van die Actuarial Society of South Africa
in my hoedanigheid as Aktuaris van die Fonds en
as 'n werknemer van Momentum Metropolitan Life Limited.

Die Actuarial Society of South Africa is die primêre reguleerder in my professionele hoedanigheid.

14 Desember 2021